**Woensdag 9 Maart**

**Skrifgedeelte Jesaja 52:16 – 53:12**
**Fokusgedeelte: Jesaja 53:4-6**

## Ons troos: Die Dienaar van die Here ly vir ons

Lyding, siekte, die dood en intense hartseer wat daaruit spruit, is deel van die ellende wat ons ervaar. Onder leiding van die Heilige Gees draai die profeet hierdie ellende na die lig. Hy beklemtoon: dit is óns groot ellende. Teenoor *ons* staan die enkeling: die dienaar van die Here, aangedui as hy/sy/hom. Die teenstelling tussen óns en hom word meestal in een asem genoem. Sy eie voordeel is hoegenaamd nie in sy visier nie. Dit gaan vir hom net om ons, om ons belang, om wat vir ons goed is.

Jesus Christus is by uitstek die Dienaar van die Here in Wie hierdie profesie vervul is. Die profeet praat van *ons almal se sonde* wat op Hom was (Jes. 53:6) en van *ons oortredings* waarvoor Hy *deurboor* is (Jes. 53:5). Ons weet wat is reg en wat is verkeerd. Moedswillig oortree ons, doen ons sonde. Toe die straf uitgemeet is, het Jesus Christus in my en jou skoene kom staan. Hy het gekom om die siektes wat aan ons behoort, die gevolge van ons sonde wat op ons skouers rus, op te lig en op sy skouers te plaas – Hy het dit ten volle gedra. Die doodstraf wat ek en jy verdien, is aan Hom voltrek.

Danksy Jesus Christus, die Dienaar van die Here, is daar nou *vrede* tussen ons en God (Jes. 53:5; Rom. 5:1). Ons wat sy vyande was, bely nou: ons behoort aan Hom. Christus skenk ons *genesing* van die gebrokenheid in onsself en in die werklikheid waarin ons leef. Hy verlos ons uit ons ellende. Ons is sy eiendom. Dit is ons enigste troos.

*Sing: Skrifberyming 5-2:3, 4*

*Ds. JH (Johan) Jordaan (Vereeniging)*